

Sondag 27 Februarie

**Skrifgedeelte: Romeine 13:1-7**

**Fokusgedeelte: Romeine 13:4**

**Die owerheid is 'n dienaar van God, tot jou beswil**

God het dit van vroeg af aan sy volk en aan die wêreld bekendgemaak dat Hy die owerheid ingestel het om orde en reg te handhaaf (Gen. 9:6). In Romeine 13 beklemtoon Paulus dat owerhede van God gesag ontvang het, en dat onderdane aan hierdie gesagsinstelling gehoorsaam en onderdanig moet wees.

Nie alle mense glo dit nie: daar is diegene (bv. vanuit die natuureg) wat meen dat die mag en gesag in die wêreld vanuit die mens self opkom; mense kies byvoorbeeld maghebbers (konings en keisers; of mense erf dit) en aan hulle word deur die volk of massa dan gesag toegeken. Daarom is hierdie soort regeerders dan slegs aan die volk of kiesers verantwoording verskuldig.

Die Bybelse perspektief is totaal anders. Geen mens of owerheid het in homself gesag nie; alle gesag kom van God af (“daar is geen gesag wat nie van God afkomstig is nie” – vs 1). Uiteindelik moet aan God self verantwoording gedoen word.

Verder: 'n owerheid oftewel 'n owerheidspersoon soos 'n koning, president, minister of enigiemand wat moet regeer, besit nie in homself/haarself of vanweë sy/haar posisie goddelike regte of magte nie. Dink byvoorbeeld aan die goddelike verering van die ou Romeinse keisers. Hierdie neiging om as sodanig te regeer of vereer te word, bestaan steeds in ons tyd. Nee, die Bybelse perspektief is dat die owerheid en elkeen wat daarin betrokke is, 'n dienaar is. Dit gaan om dienslewering!

Alle owerhede is, of hulle dit glo of nie, van ons voorbidding afhanklik en moet deur ons as onderdane geëer en gehoorsaam word, terwyl ons as gelowiges weet dat ons te alle tye aan God (as die enigste werklike gesaghebbende) meer gehoorsaam moet wees (Hand. 4 en 5; Dan. 6). Aan Christus het Hy alle mag gegee: Hy is die eintlike en enigste Hoof van sy kerk en Koning van die konings (Matt. 28:18).

*Sing: Psalm 72-2:1*

*Prof. A le R du Plooy (Dries) (emeritus)*